VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

Marietjie Laubscher	23 Maart
Ettienne Groenewald	24 Maart

Baie geluk met julle verjaarsdae.

Die HERE sal jou seën en jou behoed; die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees; die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee. **Numeri 6:24-26**

Tydskrifte vir Huis Lückhoff

Indien jy dalk ou tydskrifte het, waarvan jy ontslae wil raak, bring dit gerus kerkkantoor toe of laai dit by Babette van der Linde by Huis Lückhoff af.

Huis Lückhoff se siekeboeg-inwoners lees dit graag.

GEBEDSVERSOEKE

Neill Marais (snr) - Kanker
Louis van der Valk, Rondebosch Mediese Sentrum

Rousmart

- Ons innige simpatie aan die familie en vriende van **Michael Maas** met sy afsterwe in die week.
- Ons innige simpatie aan Danie Wiese en familie met die afsterwe van **Helena Wiese**.

Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag.
Jakobus 5:16

Dank- en Erediensoffers

Dankoffers: R25 178 (Mikpunt: R53 400)

Erediensoffers: R 3 156 (Mikpunt: R12 000)

Baie dankie vir elkeen se bydrae .
Mag die Here jou ryklik seën.

BULLETIN
19 Maart 2023

Ons is 'n inklusiewe familie wat met oop deure jubelend na die gemeenskap uitreik.
We are an inclusive family which reaches out to the community with joy and with open doors.

Tel: 021 686 4315 E-pos: ngkrbos@mweb.co.za
Besoek ons by: www.ngrondebosch.com
ABSA Claremont, Rek 2870141125 Tak 632005 Swift Code: ABSAZAJJ
Ons gemeente het ook 'n kaart-fasiliteit vir betalings. Vra gerus vir Koos.

SnapScan

PROGRAM VIR VANDAG

Baie welkom by ons Erediens. Ons diens word vanoggend 10:00 regstreeks op NG Rondebosch se Facebookblad en Zoom uitgesaai. Die Zoom-skakel sal nou telkens dieselfde wees.

https://us02web.zoom.us/j/83804447977?pwd=Y2M2U2h4YlJJdFhkbzE4T0RiMDZxQT09

Meeting ID: 838 0444 7977 **Passcode:** 691201

Erediens:	Dr Johan vd Heever
Skriflesing:	Johannes 9:1-41
Tema:	Wanneer die kerk dit verkeerd kry!

Onthou

Ons drink koffie en tee na afloop van die diens. Kom kuier saam met ons.

Liewe gemeente

Dinsdag 21 Maart vier ons Menseregtedag in Suid Afrika. Die aanvang van Menseregtedag dateer uit 1950, nadat die Verenigde Nasie, Resolusie 423(V) aanvaar het, wat alle state en belangstellende organisasies uitgenooi het om 10 Desember van elke jaar as Menseregtedag te vier. Menseregtedag is 'n dag wat die regte van mense gedenk. In Suid-Afrika word dit as 'n openbare vakansiedag gevier. Die dag gedenk die nagedagtenis van die Sharpeville-slagting. "*We should all have the freedom to become fully human*". (Aartsbiskop Desmond Tutu -1979). Om die regte van alle mense te vier, is ongelukkig in ons land, by monde van ons politici, in meeste gevalle net leë woorde. Maar! Kom ons wys ook vinger na die kerk. Hoe tree ons op teenoor mense wat ons maklik as "sondaars" brandmerk? In vanoggend se teks kan 'n blinde sien, maar daar is geen vreugde by enige iemand nie. Die omstanders sien net die man se sonde en hierdie Jesus as die groot sondaar, wat op 'n Sabbat gewerk het.

Ons gesprekke met omliggende gemeentes gaan steeds voort. Ons sal binne die volgende paar weke met Wynberg begin gesprek voer, met die oog op samewerking in die toekoms.

Ons het dié week die nuwe pos vir 'n Geleentheidsbeplanner en multi-media inhoudskepper (sien die advertensie elders) begin adverteer. Deel gerus die inligting met persone wat jy meen belang sou stel. Ons is opgewonde oor ons nuwe beweging: ***In Selentio*** (In Stilte). Ons begin Sondagaand 16 April om 19:00 in die "Kapel van die Aankondiging", soos die ortodokse gemeenskap se kapel bekend staan.

Ons gesels hierdie week oor die politiek en die land se probleme. Ansie sê ek moet maar die oplossing gee. Ek sê: "Ek het die oplossing!" Sy en die ander persoon kyk my belangstellend aan. Ek sê: "Julle moet volgende jaar gaan stem!" Die ander gespreksgenoot sê: "Ek gaan nie stem nie, dit sal geen verskil maak nie." Tim Du Plessis sê *"..., resilience grows from taking constructive actions. We should be angry and we should express it, but in a way that provides energy for action rather than draining us. What struck me while listening to a radio talk show recently is that anger seems to be slipping into despondency in some circles. That's worse. "There is nothing we can do," seemed to be the refrain."* https://www.facebook.com/tim.duplessis.3 Wanneer jy op daardie punt kom om te sê: "Ek kan geen verskil maak nie", grens dit aan totale ongeloof. Daar is altyd nog iets wat ons kan doen. *The future will be created by those who have the faith and courage to take action.*

Groete en seën
Johan van den Heever

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag: 20 Maart en Dinsdag: 21 Maart
Kerkkantoor is gesluit vir hierdie twee vakansiedae

Woensdag: 22 Maart
19:30 Woensdagaand-Selgroep

Donderdag: 23 Maart
10:00 Bybelstudie by Kerkkompleks

Woensdag: 29 Maart
10:00 Basaar-vergadering

BASAAR: 6 MEI
Sien die los blaadjie vir die bestanddele en ander items wat ons benodig vir die basaar. Baie dankie aan elke lidmaat wat reeds vir ons kontant-donasies en bestanddele gegee het.

NG GEMEENTE RONDEBOSCH: POS BESKIKBAAR

Geleentheidsbeplanner en multi-media inhoudskepper
Deeltydse pos (10 ure per week)

Die NG Gemeente Rondebosch het 'n pos beskikbaar in Rondebosch vir 'n geleentheidsbeplanner en multi-media inhoudskepper. Hierdie persoon sal verantwoordelik wees vir die bemarking van ons gemeentekompleks deur o.a. die skep van multi-media inhoud.

Event planner and multi-media content creator
Part-time position (10 hours per week)

The NG Church Rondebosch has a position available in Rondebosch for an event planner and multi-media content creator. This person will be responsible for the marketing of our parish complex by, inter alia, creating multi-media content. See web for more detail
https://www.ngrondebosch.com/vakature--vacancy.html

In Selentio (In Stilte)

In Selentio: Daar is 'n mooi ou kerkgebou in die suidelike voorstede in Kaapstad. Vir 'n lang tyd droom mense al saam om hierdie ruimte te omskep in 'n kontemplatiewe tuiste vir pelgrims uit alle rigtings en stadia op hulle reis. Die droom is dat hierdie ruimte mettertyd sal dien as rusplek en rigtingwyser vir pelgrims soekend na 'n verdiepende ervaring en verhouding met God.

Soos die spasie mettertyd 'n skelet ontwikkel met gereelde ritmes van kontemplasie in aksie, sal ons saam verder bou aan sy vlees en gestalte. (Ons droom oor 'n lewensreël wat soos 'n trellis ons lewens ondersteun, en dat hierdie 'n 'sentrum' word vanwaar retraites, stiltemeditasies, spirituele begeleiding, en die spiritualiteit van Ignatius ondersteun en beoefen word.)
In Selentio begin op 16 April met ons eerste gereelde ritme - 'n weeklikse kontemplatiewe stildiens op Sondagaande 19:00 in Die Kapel van die Aankondiging by Derryweg 2, Rondebosch.

Navrae: Hannelore Olivier hanneloreoli4@yahoo.com +27 84 404 5080
Johan van den Heever vdhj100@gmail.com +27 83 448 2609

In Selentio (In Silence)

In Selentio: There is a beautiful old church building in the southern suburbs of Cape Town. For a long time, people have been dreaming together to transform this space into a contemplative home for pilgrims from all directions and stages on their journey. The dream is that over time this space will serve as a resting place and direction indicator for pilgrims looking for a deepening experience and relationship with God.

As the space develops a skeleton over time with regular rhythms of contemplation in action, we will continue to build on its content and form. (We dream about a rule of life that supports our daily lives like a trellis, and that this place becomes a 'centre' from where retreats, silent meditations, spiritual direction, and the Ignatian spirituality are supported and practiced.)
In Selentio begins on 16 April with our first regular rhythm - a weekly contemplative silent service on Sunday evenings at 19:00 in The Chapel of the Annunciation at 2 Derry Road, Rondebosch.

Inquiries: Hannelore Olivier hanneloreoli4@yahoo.com +27 84 404 5080
Johan van den Heever vdhj100@gmail.com +27 83 448 2609

BASAAR INKOPIELYS

NEEM DIT SAAM WANNEER JY GAAN INKOPIES DOEN

Bestanddele
20 kg meel
20 liter olie
5 boksies kaneel
800 g bakpoeier
2 pakke sout
20 liter melk
90 eiers (3 x 30 pak)
3 kg spek
5 pakke House of Coffees (Goue pak nr. 7)
1 boks Rooibostee
1 boks Vyf Rose Tee
5 pakke springmielies
Springmielie speserye {Butter, Sour Cream and Chives en Salt and Viniger}
100 samoosas en "spring rolls" (50 elk)
10 kg bevrore aartappelskyfies
4 dosyn hamburger rolletjies
2 x 500 g regte botter
2 kg kaas (Gouda of Cheddar)
6 kg Tastic rys
"Spray and cook"
Blatjang
Klapper
Mosterdsous
Tamatiesous
10 brode vir jaffels

Groente
Wortels, aartappels, uie, bevrore ertjies, mielies en gemengde groente.

Vleis
Kontant vir die aankoop van maalvleis en hoender.

Ander
Kontant vir aankoop van koeldranke, skyfies, lekkergoed vir die kindertent.

Tuisgebak soos ons oumas s'n
Koeke, terte, kleinkoekies, kolwyntjies, brode, skons, koeksisters ens.

Ons benodig ook skenkings van **klere, boeke** en **wit-olifante**.
Al die bogenoemde items kan lank vooraf al gekoop en by die kerkkantoor gestoor word vir ons basaar.